Eerste Gelui

18 Desember 2022

Nuus oor die komende week, **NG Kerk Kleinmond**
Arabella, Bettysbaai, Kleinmond, Pringlebaai, Rooiels

Verlede week sou die laaste Eerste Gelui gewees het, maar daar is 'n paar sake wat deurgegee moet word. Maar hierdie een is regtig die laaste vir 2022.

Boodskap van ons leraar

MANNA VIR 2023, EN SOMMER VIR DIE RES VAN ONS LEWE!

Wanneer ek en Mientjie aan die einde van Desember 2022 uit voltydse diens in die gemeente en ons bediening, tree, hou dit verseker vir ons – op die oog-af – baie onsekere tye in. Die HERE het dit aan ons gegun om vir 36 jaar in die bediening van Sy veelvoudige genade (1 Petrus 4:10) en onbegrensde guns te staan: Nagenoeg ses jaar in die bediening by die skool en gemeente vir Dowes in Pretoria; ses jaar op die platteland van Noord Natal; ses jaar by Kameeldrif gemeente en deels by die kinderhuise; ses jaar deels by die kinderhuise en die tienerbediening by Doornpoort Gemeente; ses jaar by Lynnwoodrif Gemeente, en ses jaar in Kleinmond Gemeente.
Ses presies afgemete seisoene van ses jaar elk. Natuurlik dring hierdie getalle-spel mens tot diep nadenke oor die betekenis daarvan, en wat dit te sê het vir ons vir die nuwe seisoen wat aanbreek.

Jy sien, in die Aramese/ Hebreeuse taal en denke beskik letters en getalle dikwels oor spesiale betekenis: ***ses* dui op *onvolledig;* ses siklusse van ses kan dan moontlik vir ons op 'n gans onvergenoegde plek laat… dat ons hele bediening dan so onvolledig was as wat *onvolledig* onvolledig kan wees (6x6)! Maar die HERE het juis in hierdie tyd vir ons 'n ander getal gegee tewete, 128. Om die spesiale betekenis van ***128*** te verstaan, moet ons dit opbreek soos volg: $10^2 + (2 \times 10) + 8$.
***10^2**: Die getal *tien* (10) dui op vollledigheid, 'n volheid wat die HERE bewerk. Nouja, hoe seker wil ons dan nog van die HERE hoor dat die nuwe seisoen wat Hy nou vir ons laat aanbreek in die teken sal staan van Hom wat ons werk sal vol-maak en afrond.
(2 x 10): Ek het 'n paar weke geloop en gewonder wat die HERE vir ons wou sê met hierdie getal/ goddelike berekening. Vir 'n oomblik het dit oortollig gevoel want met (10^2) het ons

reeds twee tiene gehad. Toe wys die HERE vir my dat Hy nie net *volheid* beplan vir ons bediening nie, maar ook vir my en Mientjie - 2 x 10 - persoonlik.
(8): Agt was maklik om na te gaan: dit beteken *fattiness, abundance, a season of rest and completion.* Wow!, toe die HERE hierdie goddelike berekening vir ons laat oopbreek, het ons soveel vrede ervaar oor die hele proses waarin ons onsself bevind het. Verseker is daar dae dat ons broos voel en twyfel, maar hoe heerlik as die Gees van God ons elke keer terugneem na Sy Woord, ons herinner aan Sy beloftes!

Deurgaans het die HERE ook die begrip ***manna*** vir ons uitgewys. In beide Aramees en Egipties is hierdie woord eintlik 'n vraag: *Wat is dit?* Wel, in sy oorspronklike vorm bestaan die woord *manna* uit twee woorde: m(o)n (= *van*) en hu ('n manlike voornaamwoord = *hy* of *dit*). Dit kan dus maklik vertaal word as ***van Hom*** of dan ***van God***. Hou in gedagte dat die volk van God sopas uit Egipte getrek het, en dat hulle nog moes leer wie is hierdie God van Moses was, en moontlik kon hulle nie dadelik *pinpoint* van watter god dit was van wie die voorsiening gekom het nie. Tog was Moses haastig om hierdie verstaans-vakuum te vul – **Eksodus 16:15**, *"Toe die kinders van Israel dit sien, sê hulle vir mekaar: Wat is dit?* (= m-o-n + hu*). Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Daarop sê Moses vir hulle: Dit is die brood wat die HERE vir julle gee om te eet."* Of, hulle was so bekend met God se dade en ingrype – na alles, hulle was eerstehandse getuies van die HERE se grootse werk in die plae en die tog deur die Rooisee – dat hulle nie Sy Naam hier gebruik nie maar slegs die voornaamwoord, *Van Hom!*

Nou, as jy kyk na die woord m(o)n in Hebreeus moet ons wonder waarom dit as grondwoord nie uit drie medeklinkers bestaan nie. Die mees sinvolste medeklinker om by die woord *m(o)n* te voeg is 'n ekstra *-n-, wat dan die woord mnn + hu* (= manna) vir ons gee; met die betekenis van ***van vér af*** *(from far away)*. (Dit maak nie saak watter vokaal ingevul word nie, die betekenis bly dieselfde.) Met ander woorde, dit wat hulle op die grond gevind het, het hulle ge-eien as iets wat nie natuurlik of inheems was aan daardie area nie. Nou, om dinge nog bietjie meer kompleks te maak, kan die woord *manna* ook *porsie* beteken. Dus, bring jy nou al hierdie betekenis-geworstel byeen, kry jy iets soos, *Wat is dit? Dit is iets wat van Hom (God) af kom; 'n porsie vir ons gestuur uit die hemel.*
Gisteraan by ons Omgee-groep word ons uitgenooi om elkeen 'n woord of vers te deel wat die HERE op ons harte druk vir 2023, en soos wat ek na Eksodus 16:15 toe blaai, vang my oog **Eksodus 16:35**, *"Die Israeliete het **veertig jaar lank** manna geëet; hulle het dit geëet totdat hulle bewoonde gebied bereik het, tot hulle by die grens van Kanaän gekom het."* Die woorde *vir veertig jaar* tref my… sowaar, die HERE sal elke dag, in elkeen van ons behoeftes voorsien, al is ons volgende seisoen 40 jaar lank. Sy troue sorg en asembenewende teenwoordigheid sal met ons wees.
Mag dit ook so wees vir jou en jou huis!
Shalom!
Dr. Chris Malan

Kerkkantoor sluit

Na 'n lang, vol jaar in die kerkkantoor, en aangesien alle moontlike reëlings vir die vakansietyd afgehandel is, het die Dagbestuur dit goedgedink om nie die kerkkantoor vir twee dae tussen die baie vakansiedae vir 2 ure op 'n slag, oop te hou nie. Die kerkkantoor sluit dus die middag van 24 Desember en heropen weer op Maandag 9 Januarie 2023. Ons gun vir Nienie en Elizna 'n rustige Kersfeestyd! Die kerk se selfoon (076 134 7157) sal wel altyd beskikbaar wees indien daar enige nuwe reëlings getref moet word.

Ons treur oor die grasdienste

Dit was die afgelope dekades ons as NGK Kleinmond se voorreg om die sogenaamde “grasdienste” te reël. Dit is met seer harte dat ons moes waarneem dat die dienste algaande al hoe moeiliker geword het om tot stigting aan te bied. Die atmosfeer het totaal verander: Die karavaanpark is verskuif, die CSV Strandhuis is verskuif en 'n speelpark vir kinders is by die preekboom opgerig. Daarmee saam verstaan ons dat mense, wat nie die voorreg van 'n lang vakansie in ons mooi strandoord het nie, tog die vakansiedae wat hulle wel het, wil benut met 'n jolige piekniek by die strandmeer. Ongelukkig veroorsaak dit 'n botsing van belange wat nie beheer kan word nie.

Ons het probeer om die grasdienste na die grasperk van die VCSV-kampterrein in Tiendelaan te verskuif. Hoewel hulle ons met ope arms verwelkom, het ons begin wonder of die atmosfeer daar dieselfde romantiek as dié van vroeër sal hê. Die logistieke reëlings is ook moeiliker daar. As proefneming probeer ons vanjaar die informele buitelugdienste binne en buite die kerksaal in Eerstelaan hou. Mense kan steeds hulle (gemakliker?) kampstoele bring. Daar is ook goeie koelte beskikbaar.

Ons is saam met die briefskrywer dankbaar oor die goeie ou dae en die wonderlike invloed wat dit op baie mense se lewens gehad het. Ons probeer die beste van 'n steeds veranderende situasie maak. Ons vertrou dat die Here dit ook met vrug sal aanwend om mense se daaglikse lewe saam met Hom te verryk.

Jannie Hougaard nms. NGK Kleinmond.

KERKKANTOORURE

Van 19 tot 22 Desember is die kerkkantoor
van **Maandag tot Donderdag**
slegs oop tussen **09:00 en 11:00.**
Op **Vrydae** is die kerkkantoor **gesluit.**
Van 28 Desember tot 5 Januarie is die kerkkantoor heeltemal gesluit. Vir dringende sake is die kerkkantoor personeel by 076 134 7157 bereikbaar.

Tweede Kersdag

Ekstra bord kos
op 26 Desember

Kom ons deel die vreugde van Kersfees met diegene wat
nie dieselfde oorvloed as ons het nie.
Ervaar die vreugde van gee deur eers die ekstra bord in te skep
en dan wat oor is, self te geniet!
Koop houers vir ‘n bord kos en ‘n bakkie nagereg teen R5.
Die bakkies is na die erediens beskikbaar of deur die week by die
kerkkantoor.
Skep op Kersdag die bord kos en nagereg in
en kom lewer dit af op 26 Desember tussen 11:30 en 12:00
by die Gemeenskapsentrum in Proteadorp.
Inwoners van die Hangklip-streek kan dit tussen 09:00 en 11:00
by die Lakeside Chapel afgee.

VAKANSIE-PROGRAM

DAG	PLEK	TYD	PREDIKER
Vrydag 16 Des.	Kerk	09:00	Ds. Jannie Hougaard
Sondag 18 Des.	Saal Hangklip Kerk	09:00 09:00 09:30	Ds. Chris v/d Westhuizen Ds. Louis Fourie Dr. Chris Malan
Sondag 25 Des.	Hangklip Kerk Saal Hangklip Kerk Saal	08:00 08:00 08:00 10:00 10:00 10:00	Ds. Daan Botha Ds. Jannie Hougaard Dr. Chris Malan Ds. Ben de Wet Ds. Jannie Hougaard Dr. Chris Malan
Saterdag 31 Des.	Kerk Hangklip	19:00 11:15	Ds. Jannie Hougaard Ds. Daan Botha
Sondag 1 Jan.	Kerk Hangklip Saal	**09:30** 09:00 09:00	Ds. Louis Fourie Ds. Jannie Hougaard Ds. Theuns Henn
Sondag 8 Jan.	Hangklip Kerk	09:00 09:30	Ds. Theuns Henn Ds. Chris v/d Westhuizen

VAKANTE LERAARSPOS KLEINMOND GEMEENTE

Hiermee maak ons nou vir die eerste maal ons leraarsvakature formeel bekend. Die vakature het ook op 2 Desember in die VrydagNuus van die Sinode van Wes-Kaap en in die Kerkbode verskyn.

Twee redes waarom ons dit in die Eerste Gelui plaas:

a. Om al ons lidmate te herinner om asseblief **getrou vir die beroepingsproses voorbidding te doen.**
b. Indien enige lidmaat 'n leraar vir hierdie pos wil nomineer/aanbeveel, is daar **'n voorgeskrewe prosedure** wat in die onderstaande bekendstellings-formaat **onder die hofie** "**Aansoeke**" uiteengesit word. Hiérdie inligting **moet jy asseblief** onder die aandag bring van die persoon wat jy graag wil nomineer sodat hy/sy vir ons kan aandui of daar regtig belangstelling is.

DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE BEROEPINGSPROSES

- ***Sluitingsdatum*** vir aansoeke: 13 Januarie 2023.
- ***Beroepingsvergadering***: As alles volgens plan verloop, DV voor die einde van Januarie 2023.
- ***Ontvangs en bevestiging*** van ons nuwe leraar: As alles volgens plan verloop, DV deur die loop van April 2023.

Die formele bekendstelling lui so:

NG GEMEENTE KLEINMOND: Vakature: Voltydse Onbepaalde termyn Leraarspos

Gemeenteprofiel

• Kleinmond is 'n pragtige kusdorp, ongeveer 90 km vanaf Kaapstad, deel van die Overbergstreek en geleë in die Kogelberg Biosfeer, een van die rykste fynbosgebiede ter wêreld. Dit is 'n dinamiese dorp en beleef tans positiewe groei.
• Ekonomie: Klein besighede en toerismebedryf.
• Lidmate: 1 512 belydende- en 123 dooplidmate.
• Gemeenteroeping: "Draers van Sy Lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop".
• Gedurende 2023 skakel ons oor na 'n kernkerkraad en 3 wykskerkrade om die uitleef van ons roeping beter te fasiliteer.
• Indien jy meer inligting oor die gemeente verlang, vra dit by ngkkleinmond@gmail.com aan.

Leraarsprofiel

• Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde (2019), as riglyn.
• 'n Entoesiastiese en meelewende leraar wie se lewe getuig van 'n lewende verhouding met God Drie-Enig.
• Ontvanklik vir vernuwing en die bestuur van verandering.
• Vereenselwiging met die gemeenteroeping (soos hierbo vermeld) – dus iemand wat saam met ons bly dink oor God se pad met ons gemeente.

- Inspirerende leidinggewing en goeie bestuursvaardighede om die verskillende onderafdelings van die gemeente saam te bind.
- Aktuele en Woordgetroue prediking met ‘n aanvoeling vir die liturgie en aanbidding.
- Verkieslik jonk, maar met goeie bedieningservaring om 'n diverse gemeente te kan lei.
- Geestelik-emosioneel volwasse met ‘n positiewe lewensuitkyk wat die waardes van respek, deernis, openheid en luister beoefen.

Vergoedingspakket
- Volgens Sinodale riglyne.
- Doelmatige pastorie is beskikbaar.

Aansoeke
- E-pos aansoeke na die Kerkkantoor: ngkkleinmond@gmail.com
- Alle aansoeke moet vergesel word van die volgende: ‘n Aansoekbrief, 'n volledige CV (nie meer as 3 bladsye nie), die name van 3 onlangse, kontakbare en relevante referente. Stuur asb. ‘n kort bekendstellingsvideo waarin jy jouself kortliks bekendstel en jy jou bedieningservaring, bedieningsvoorkeure, besondere gawes, visie en roeping beskryf aan ngkkleinmond@gmail.com. Stuur asb. ook skakels na jou erediensopnames en aanlyn eredienste aan genoemde e-posadres.
- Sluitingsdatum: 13 Januarie 2023 voor 09:00.
- Onderhoud: Kandidate wat die kortlys haal, moet tussen 17 en 24 Januarie 2023 vir ’n persoonlike onderhoud beskikbaar wees.
- In terme van die POPIA-wetgewing (Protection of Personal Information Act) gee kandidate toestemming dat die inligting wat in hul CV's of op enige ander wyse beskikbaar gestel word deur die pre-advieskommissie en kerkraad van die NG Kerk Kleinmond vertroulik gebruik en gedeel mag word vir die oorweging en afhandeling van kandidate se aansoeke vir die pos waarvoor aansoek gedoen word.

Navrae
- Jannie Hougaard, voorsitter Kerkraad: 083 680 7694, hougaardjan@gmail.com
- André Theron, voorsitter Pre-advieskommissie, 076 903 8271, lali.theron@gmail.com
- Nienie Burger, Skriba: 083 757 0806 / 028 271 3470, ngkkleinmond@gmail.com

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.